**SATERDAG 13 JUNIE**

**SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 17:1-9**
**FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 17:9 (OAV & NAV)**

**Jason – Onbekend beteken nie onbelangrik**

Jason is nie ’n bekende persoon nie. Selfs hier waar ons van hom lees, lyk hy nie baie belangrik nie. Toe Paulus en Silas in Tessalonika gepreek het, het baie mense tot bekering gekom. Die Jode wat hieroor afgunstig was, het stories by die stadsowerheid aangedra en gesê dat die apostels die mense probeer verlei om ’n ander koning as die keiser uit te roep.

Hulle kon nie vir Paulus en Silas in die hande kry nie, en daarom het hulle vir Jason (die genesende) en ander gelowiges voor die stadsowerhede gebring. Daar het Jason en die ander vir hulle verduidelik waaroor dit werklik gegaan het.

Hulle het nie regtig evangelisasie gedoen nie. Hulle het nie groot veldtogte gehou of met besondere wysheid gespreek nie. Hulle het net die situasie verduidelik. Tog was hulle so belangrik, want hulle het vir Paulus en Silas in staat gestel om met hulle bediening voort te gaan.

Sommige gelowiges word geroep en toegerus om ’n groot impak te maak op baie. Ander van ons word geroep en toegerus om te ondersteun. Dit maak egter nie die een belangriker as die ander nie.

Wat ons diens aan die Here belangrik maak, is nie hoe goed dit lyk, of hoeveel mense dit raaksien, en of dit gemeet aan wêreldse norme goed genoeg is nie. Dit is uiteindelik nie om ons belangrik te laat lyk nie. Wat ons diens aan die Here belangrik maak, is die Here vir Wie ons dien.

*Sing: Psalm 25:2*
*Ds. AP (André) de Jager (Klerksdorp-Noord)*